Psalm 110-3 110-3



2
U volk, my Heer en Koning,
staan vir die stryd gereed,
bereid tot diensbetoning,
in feesgewaad gekleed.
Die fleur van jong geslagte,
vars soos die vroegdagdou,
sterk u oorwinningsmagte
as jeugkrag U omvou.

3
"My woord en eed staan ewig
en onherroeplik vas:
my priester's U - vir ewig -
soos Melgisedek was"
Die Heer gee U oorwinning
en laat die vorste val.
Verfris deur vars verkwikking
oorwin Hy een en al.

Teks: JP Bingle 2012
Melodie: AURELIA - Samuel Wesley 1864
Harmonisasie: Tradisioneel; Liedboek 2001 - Lied 354
Alternatiewe melodie: Psalm 128